VOL 395
PP 22 918
22 959

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I 2.37 VOL. 395 PG 22918 - 22959

SAAKNOMMER: CC 482/85 PRETORIA

1988-05-05 (vm)

DIE STAAT teen : PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST en ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. H. SMITH

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

- - - - - - - - - -

KONTRAKTEURS : LUBBE OPNAMES

- - - - - - - - - -

VOLUME 395

(Bladsye 22 918 tot 22 959 )

DIE HOF HERVAT OP 5 MEI 1988

SICELO HAMILTON GQUBANE, nog onder eed -

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR FICK: Ons is nog besig met die begrafnis van 16 Maart 1985, die begrafnis van Deborah Memese. -- Ja.

Nou by die huis van die oorledene voor die begrafnis, wat het die mense daar by die huis gedoen? -- Hulle het net kerkliedere gesing, niks anders nie.

Sing julle kerkliedere met die vuis in die lug? -- Nee.

Ek wil aan u stel dit is wat julle daar gedoen het terwyl julle daar gestaan het by die huis voor die begrafnis. Julle het gesing en julle het die vuiste in die lug gesteek. -- Nee, dit was nie so nie.

Het u vir luitenant Labuschagne, die stasiebevelvoerder in Somerset-Oos in 1984, geken? -- Ja.

Het u hom die oggend gesien van die begrafnis? -- Ek het hom nie gesien nie.

Nooit daardie hele dag nie? -- Nee.

Het u voor die begrafnis by die huis vir Mzikisi Banzana gesien? -- Ja.

Wat het hy daar gedoen? -- Tussen die mense het ek hom gesien.

Het hy net daar tussen die mense gestaan en deelgeneem aan die singery? -- Ja.

Ek wil aan u stel dit is nie al wat hy gedoen het nie. Hy het uitgegaan tussen die mense op 'n stadium en met die polisie gaan praat. -- Nie terwyl ek al daar was nie.

Nie terwyl jy al daar was nie. Het u laat opgedaag? Was daar 'n klomp mense by die huis toe jy daar opgedaag het? -- Die mense wat ek geskat het tussen 200 en 300 was alreeds daar toe ek aangekom het.

Ek/..

Ek wil aan u stel dat u praat ook nie die waarheid as u sê daar was tussen 200 en 300 mense nie, maar daar was ongeveer vier duisend al by hierdie huis gewees. -- Ek stem nie saam nie.

En het u alleen na hierdie begrafnis toe gegaan? -- Ja, ek was alleen.

En was daar enige ander onderwysers van die skool by die begrafnis? -- Ja.

Hoekom het u na hierdie begrafnis toe gegaan? -- Die oorledene wat begrawe is, was ŉ skolier gewees.

Nou wil ek met u gaan daar na die kerk toe. Op watter stadium het Matthew Goniwe daar opgedaag? Wat was besig om te gebeur in die kerk toe hy en sy gevolg daar opgedaag het? -- Met hulle aankoms daar was die singery aan die gang.

HOF: Is die singery die eerste ding wat gebeur het daar? -- Ja.

MNR FICK: Daar was nie vooraf gebid gewees nie? -- Daar was gebid gewees. Met ons aankoms by die kerk toe die kis daar ingedra was onmiddellik nadat dit neergesit is, was daar gebid gewees.

En toe het julle net gesing? -- Ja.

Daar was geen toesprake nog gemaak teen die tyd wat Matthew Goniwe en sy gevolg opgedaag het nie? -- Nee, daar was nog nie

Nou tot op daardie stadium het u vir die hof gesê was Mzukisi Banzana nog die voorsitter? -- Ja.

Nou op watter stadium het Ford Calata nou oorgeneem? -- Nie lank nadat Calata daar opgedaag het was dit bekend gemaak aan ons dat hy, Calata, nou sal oorneem as voorsitter. Daar was geen redes gegee daarvoor nie.

Maar was daar tot op daardie stadium wat Ford Calata oorgeneem het, nog net ŉ gesingery? Daar was nie toe al toesprake gewees nie? -- Daar was nog geen toesprake gewees nie, behalwe dat daar miskien mense reg beduie word waar om sitplek in te

neem / ..

neem terwyl hulle die gebou binnegekom het.

Nou die singery in die kerk, watse soort liedere het julle gesing? -- Dié het gewissel. Die kerkkoor het liedere gesing wat voor in die kerk alleen gelewer was en na hulle gesing het dan was daar vryheidsliedere ook gesing.

Wat is die name van die vryheidsliedere wat daar gesing is in die kerk? -- Ek kan nou nie almal onthou nie, maar tussen daardie vryheidsliedere "Senzeni na" was een van hulle.

En een oor "Mandela is ons leier"? -- Ek is nie seker nie. Kyk u sê nou Mandela is 'n leier. Daar was 'n lied gewees waarin Mandela se naam genoem was. Of dit nou gesê is dat Mandela 'n leier was of nie, kan ek nie sê nie, maar daar was wel een wat oor Mandela gehandel het.

Was daar ook een wat oor Thambo gehandel het? -- Ek het nie daardie ene gehoor nie.

Nou u sê Matthew Goniwe het gepraat op hierdie begrafnis? -- Hy was een van die sprekers.

Nou waaroor het hy gepraat? Net kortliks, wat was die onderwerp waaroor hy gepraat het? -- In sy toespraak het hy gehandel kortliks met die mense of oor die mense van Suid-Afrika se geskiedenis.

Het hy gepraat oor die stigting van die ANC en die ANC se geskiedenis, totdat dit verban is? -- Ja, as ek reg onthou toe hy gehandel het oor die mense wat die reg verloor het van stem en ook gepraat het van die verhoeding van organisasies om enige deel te kan neem by enige besprekings as gevolg van die optrede van apartheid, het hy toe daaroor gehandel.

Is dit die enigste organisasie waaroor Matthew Goniwe gepraat het, naamlik die geskiedenis van die ANC? -- Nee.

Het hy ook gepraat van sy organisasie, CRADORA? -- Nee.

Het / ..

Het hy ook gepraat oor die UDF? -- Ja.

Hy het reguit gepraat van die UDF wil die mense verenig in die "freedom struggle"? -- Ja.

En het hy ook.. -- Waarin die UDF probeer..

Ekskuus. -- ..om die vryheidstelling van die mense te bekom.

Ja. En het Goniwe gesê dit is belangrik dat die mense moet aansluit by hierdie organisasie en onder UDF se vaandel moet saamkom? -- Nee.

HOF: Die antwoord is nee? -- Nee.

MNR FICK: Is dit al waaroor Goniwe gepraat het, naamlik die geskiedenis? -- Nee, hy het gesê dat nadat die ANC verband was die swart bewussynbeweging het toe begin en na dit toe die UDF, dit is toe sy afsluiting van die toespraak.

Nou Banzana, waaroor het hy dit gehad? Wat was die tema van sy toespraak gewees? -- Hy het oor die jeugdiges gehandel.

Ek vra u so, het hy gehandel oor die organisasie COSAS? -- Nee.

Het hy nie gesê dit is belangrik dat die jeug moet herenig om deel te neem aan die "freedom struggle" nie? -- Nee.

Het enige iemand op hierdie vergadering gepraat oor die feit dat die jeug moet bymekaar kom en moet deelneem aan die "freedom struggle"? -- Ek onthou nie van 'n persoon nie.

U het vir die hof ook gesê dat 'n "school leader" het gepraat naamlik die leier van die SRC, maar u het nie gesê wie is dit nie. Wie was dit? -- Ek onthou nie die naam van hierdie spreker maar ek is wel daarvan seker dat daar 'n spreker was namens die skoliere gepraat het.

Daar is net een aspek wat ek met u wil opklaar terwyl ons by die SRC is. Op daardie stadium was die SRC ooit erken by die skool of was dit 'n liggaam wat nie erken is deur die skool-

owerheid / ..

owerheid nie? -- Ja, dit was aanvaar gewees maar nie ten volle nie omrede daar 'n grondwet was van die goewerment wat die SRC moes gevolg het.

Wag laat ek net so - as u praat van die grondwet van die goewerment, bedoel u daarmee die skoolreëls van die departement, wat die skool moes.. -- Daar was 'n "journal" gewees wat uitgereik was waarin dit verduidelik is wat alles verwag word van die SRCs, wat hulle moet doen. Dit beteken dus dat dit was eintlik die instruksies waaronder die SRC moes gewerk het.

En die SRC wou dit nie aanvaar nie, is dit wat u bedoel? -- Ja.

Nou hierdie persoon wat u sê wat die leiers in die SRC was, het sy toespraak gehandel oor die feit dat hulle nie erken word nie en dat hulle die skoliere by die skool wil verteenwoordig op 'n landwye basis ook? -- Nee, hy het nie in sy toespraak daaroor gehandel nie. Al wat hy gesê het was met betrekking tot Daniswa dit is die oorledene se gedrag by die skool, hoe sy die skool bygewoon het, hoe fluks sy was; en hoe sleg dit voel vir hulle om 'n vriend te verloor.

Nou u het 'n klomp persone se name gegee in u hoofgetuienis wat sou gepraat het. Het hulle in die volgorde gepraat soos wat u hulle gegee het, of nie? -- Nee, ek noem net die name sover ek dit onthou.

Nou hierdie Mama General wat toe nou gepraat het, het sy oor die vroue-organisasies gepraat en enige vroue-organisasies by die naam genoem sê u? -- Sy het gepraat van wat hulle probeer doen te Cradock met die oog om dit te stig.

HOF: Om 'n vroue-organisasie te stig? -- Ja.

MNR FICK: Is dit reg, sy het ook gesê die vrouens met by die "freedom struggle" aansluit, "join", want hulle is deel van

die / ..

die stryd, die vryheidstryd? -- Ja.

Het sy ook 'n beroep gedoen op die vrouens van Somerset-Oos dat hulle ook moet verenig en ook hulle eie organisasie stig? -- Nee.

Hierdie - ek gaan nie weer die stellings maak nie, ek het reeds die stellings gemaak wat die staat beweer sy sou gesê het en jy het daarop geantwoord..

HOF: Kan jy net vir my sê wat was die punt van haar toespraak? -- Sy het aan die vrouens gesê dat hulle moet nie net stilsit en niks doen terwyl hulle kinders besig was om verkeerde dinge aan te vang nie. Hulle moet iets probeer om dit te verhoed. Sy het ook gepraat van Daniswa se gedrag deur te sê dat dit is baie seer dat 'n persoon van Daniswa se geaardheid so vroeg en jonk moes doodgaan want dit blyk dat sy belang gehad het in die gemeenskap; en toe verder gesê dat probleme van die vrouens is nie probleme wat uitgesonder kan word vanaf die ander probleme van die gemeenskap as geheel nie.

MNR FICK: Ek wil aan u stel sy het presies die teenoorgestelde gedoen van wat u sê. Sy het vir die vrouens gesê hulle moet kyk dat hulle kinders nie kwaad doen nie, maar sy het inderwaarheid daar gesuggereer dat daar moet oorgegaan word na geweld want die mense van Somerset-Oos doen niks. -- Wat ek gehoor het is wat ek nou net aan die hof aangehaal het. Wat aan my nou gestel word het ek nie gehoor nie.

Nou u sê dan na die verrigtinge by die kerk was daar 'n prosessie gewees? -- Ja.

Wie het die prosessie gelei? -- Die kerkmense.

En waar was Goniwe en Ford Calata en dié mense in die prosessie? -- Hulle was ook daar voor tussen die grootmense wat die leiers was.

Nou / ..

Nou help dit nie u sê vir my hulle was daar voor nie. Was hulle nie heel voor saam met die grootmense, soos u sê wat die leiers was nie? -- Ek sê so dan, hulle is saam met hulle.

En uself, waar in die prosessie het u stelling ingeneem? Heel agter, in die middel, in die voorstel helfte of waar? -- Ek was sommer daar so tussenin, in die middel.

En ek neem aan die mense toe hulle nou so stap na die begraafplaas toe het hulle nie opgehou sing nie, hulle het aangehou met die singery van hulle vryheidsliedere? -- Ja, hulle het dit gesing.

En is dit reg, hulle het daar gesing ook oor Mandela en u het ook gehoor hulle sing van Thambo? -- Ek onthou dit nie.

Nou watse vryheidsliedere het hulle gesing sê u? -- Ek het alreeds vir die hof vroeër gesê dat ek nie al die liedere kan onthou nie, alhoewel ek iets gesê het van wat ek in die kerk onthou byvoorbeeld van hulle, dit is die vryheidsliedere, was "Senzeni na", maar omdat hierdie dinge lank terug plaasgevind het, kan ek nie onthou nie.

Nou laat ek net u antwoord reg verstaan. U kan nie betwis dat hulle oor Thambo en Mandela gesing het nie? -- Ek sê ek onthou dit nie.

Nou u het vir die hof gesê u het polisie by die begraafplaas gesien. Was die polisie in die begraafplaas of was hulle buite die begraafplaas toe u hulle daar gesien het? -- Daar is geen omheiningdraad by hierdie begraafplek nie. Dit is 'n oop stuk veld sonder omheining. Die polisie was 'n endjie ver vanaf waar die grawe is.

Grafte. -- Grafte, ja.

Hulle het nie langs die pad gestaan soos julle geloop het nie, maar êrens in die veld? -- Hulle was glad nie by die pad

waar / ..

waar ons moes verby nie, hulle was heel ver - ver aan die bokant van die lokasie.

Nou julle het toe die oorledene begrawe en julle het teruggegaan na die huis van die oorledene? -- Ja.

Steeds in hierdie prosessie, hierdie optog? -- In die begin was dit nog steeds 'n prosessie, maar later van tyd het mense toe besluit op hulle eie om op hul eie te stap, ingesluit ekself.

En het die mense in die prosessie soos hulle daar weg is by die begraafplaas nog vryheidsliedere ook gesing? -- Ja, die jeugdiges het gesing.

En u het op geen stadium in hierdie prosessie enige baniere gesien nie? -- Nee.

En toe julle nou so stap na die oorledene se huis toe was dit alles ordelik, dit was nie 'n wanordelike spul nie; wat gedoen is is die mense het gesing? -- Ek het nie opgelet nie want ek was net besig om daar te stap en ek was besig om met mense te gesels. Ons was wel almal in dieselfde straat, dieselfde roete wat ons gevolg het, maar ek het nie opgelet of daar iets gebeur het nie.

Maar u het nie gehoor daar breek ruite of daar word klippe gegooi op dakke of daar is 'n geskreeu of enige iets van dié aard nie? -- Nee.

Was u van die eerstes wat daar weggeloop het by die graf of hoe werk die ding? -- Nee, ek was in die middel gewees. Daar was mense gewees wat voor my weg was.

Nou kom u daar by die huis van die oorledene aan. Het u op daardie stadium weer vir Ford Calata en Matthew Goniwe en Mama General gesien? -- Ek het wel vir Matthews Goniwe gesien. Die ander twee het ek nie gesien waar hulle was op daardie stadium nie.

Het u enige van Ford Calata of Mama General ooit gesien

by/..

by die huis van die oorledene na u daar aangekom het tot u weg is? -- Is dit nou by die oorledene se huis wat u van praat?

Ja. -- Ja, ek het hulle gesien.

Op watter stadium het u vir Mama General weer gesien by die oorledene se huis, toe julle teruggekom het van die graf af? -- Toe ons nader gekom het na die kos toe, waar die kos geskink was het ek haar gesien.

HOF: Geskep of geskink. -- Geskink.

O is daar net kos geskink - sop? -- Eers na jy gewas het, gaan jy na die mense toe wat die kos geskep het en dan gee hulle vir jou die kos.

Dankie.

MNR FICK: Nou wat was sy besig om te doen, Mama General, toe u haar gesien het? -- Sy het net daar gestaan en gesels met ander mense.

Die ander twee, dit is nou Calata en Goniwe, was nie by haar nie? -- Ek het nie opgelet nie.

Nou u staan nou daar en daar kom nog mense aan. Wat gebeur toe? -- Die Hippo het toe daar opgedaag.

En alles was rustig, die mense het geëet en hande gewas en net gesels met mekaar? -- Ja.

Nou wat het van die "freedom songs" geword van die mense wat nog aangekom het? -- Die mense wat alreeds by die oorledene se huis gekom het, het nie meer gesing nie. Daar was wel mense wat nog aangestap gekom het. Ek het toe nie opgelet wat geword het van die vryheidsliedere, of hulle nog gesing het of wat die posisie is nie.

En daar kom die polisie en die polisie sê binne vyf minute moet julle uitmekaar uit wees, terwyl daar waar u gestaan het was net 'n etery, daar was selfs nie eens meer vryheidsliedere gesing / ..

gesing nie? -- Ja, dit is reg. Ons was nie besig om enige iets te doen behalwe dit nie.

En die voertuig, nadat die polisieman dit vir julle gesê het, is weg - die Hippo? -- Ja.

Was dit 'n blanke polisieman wat dit vir julle kom sê het? -- 'n Blanke polisieman het dit in Engels gesê en dit was herhaal deur 'n swart polisieman in Xhoza.

Nou die blanke polisieman, was dit die stasiebevelvoerder luit Labuschagne wat dit gesê het? -- Ek het nie opgelet nie.

En die Hippo gaan toe weg, jy het hom nie weer gesien nie -- Nee.

En die volgende wat u sien is toe hierdie wat u genoem het 'n "van" aankom, die niesmasjien? -- Ja.

Nou hoe 'n lang tyd na hierdie Hippo weg is, het die niesmasjien gekom? -- Dit was nie 'n lang tyd gewees nie.

Was die vyf minute verby al of nog nie? -- Ek kan nie onthou nie, maar dit was nie lank nie.

Het enige mense van die niesmasjien, wat op die voertuig was, met enige een van julle gepraat? -- Daar is persone wat na die bakkie toe gegaan het om met hulle daar te praat.

Die vraag is het mense van die niesmasjien met enige een van julle gepraat ooit? -- Wat bedoel u met praat? Dat hulle eers begin praat het voor iemand na hulle toe gegaan het, of hoe verstaan ek u?

Voor hulle met die niesmasjien die poeier begin versprei het, het iemand van die voertuig met julle daar gepraat? -- Ja, die bestuurder van die voertuig het wel met die mense gepraat wat na hom toe gegaan het.

Kon jy hoor wat hulle sê? -- Ek kon nie hoor nie want ek het nie eens geweet wat die mense gaan sê het vir hierdie man van

die / ..

die voertuig nie.

En het hulle lank gepraat, die persone op die voertuig, het hulle lank gepraat met die mense daar? -- Nee.

En hoe lank na hierdie mense van die voertuig gepraat het, het hulle begin die niesmasjien gebruik daar op die toneel? -- Hulle was nog besig daar om met mekaar te praat. Dit was as gevolg van die poeier dat hulle ook weg is van die voertuig.

Nou dié wat gepraat het sê u was mnr Goniwe en Mzukisi Banzana? -- Ja.

Nou ek wil eerstens aan u stel dat u getuienis dat die polisie daar sou gekom het en hierdie mense wat niks gedoen het nie, sommer net daar die niesmasjien gebruik het teen hulle is totaal vals. -- Die niesmasjien is gebruik terwyl die mense by die polisie was, as gevolg waarvan daardie mense ook gevlug het.

En u weet, daar was gestel aan die staatsgetuies, nooit, dat hierdie twee mense of die mense van die niesmasjien met mekaar gepraat of gekommunikeer het nie. Daar is gestel dat hierdie mense het nader gegaan om te probeer verduidelik en toe hulle nog op pad was, word hulle al geskiet met hierdie niesmasjien en die poeier. -- Wat ek waargeneem het is dat die mense alreeds by die polisieman was, besig om met die polisieman te praat. Dit was as gevolg van die gebruik van die nuusmasjien dat die mense weggehardloop het vanaf die bakkie.

En u weet, u sê verder vir die hof dat die persoon wat opdrag gegee het dat julle moet binne vyf minute weggaan, het die toneel verlaat en 'n ruk daarna toe kom hierdie niesmasjien aan. -- Ja.

U sien daar is gestel aan die staatsgetuie: "Are you able to admit or to deny that two people went up to the person who gave the order to disperse, in order to explain to him what was happening. Instead of being allowed to tell what was happening,

the / ..

the sneeze machine was turned in their direction and the crowd that was in front of the house".

HOF: Waar is die verwysing?

MNR FICK: Dit is volume 111, bladsy 5 549.

HOF: Ek hoor u.

MNR FICK: Ek sien net die dame van Lubbes kyk vir my omdat ek en die tolk saam praat, edele. -- Verstaan ek u reg dat u sê die stelling is dat met die order wat gegee is dat mense moet uiteengaan, was die bakkie alreeds daar gewees met die niesmasjien?

Nee, nee, daar was gestel aan die staatsgetuie wat oor hierdie ding getuig het, dat die verdediging sal kom sê daar het twee mense gegaan na hierdie persoon toe wat gesê het julle moet binne vyf minute loop en terwyl hulle op pad is na hom toe om te gaan vertel, te gaan verduidelik, word hulle met hierdie niesmasjien geskiet. -- Nee, ek het dit nie gesien nie. Ek het ook nie die twee mans gesien wat daardie man genader het wat die order gegee het nie.

En die ander stelling wat gemaak is, dit is in volume 108 op bladsy 5 417 van die getuie Du Pisanie, is daar 'n stelling gemaak: of twee van die mense die polisieman genader het, die man genader het om te verduidelik wat hulle besig was om te doen: "Is u in staat om dit te erken of te ontken? -- Nee, ek is nie. (lees verder):

> "Toe hulle op pad was na die offisier toe, is die masjien aangeskakel en teen die twee persone gebruik. Nou kom sê u daardie mense het inderdaad gepraat met mekaar".

Hier word gestel hulle is nog op pad soontoe om te gaan probeer verduidelik. -- Hierdie weergawe van twee persone wat na die persoon toe gegaan het wat bevel gegee het dat ons uiteen

moet / ..

moet gaan weet ek nie daarvan nie. Ek het dit nie gesien nie. Die persoon wat daaroor getuig het is die enigste een wat dit gesien het, nie ek nie. Wat ek wel sê is dat nadat die bevel gegee was, daardie voertuig met die bevel is toe weg. Daar het toe 'n bakkie gekom. Twee persone het die bestuurder van die bakkie genader en met daardie persoon gepraat. Dit is voor die niesmasjien gebruik was.

Nou ek stel aan u die hele weergawe van wat daar gebeur het is vals, omdat u probeer verdoesel wat Mama General daar vir die mense ook gesê het. Ek stel dit aan u dat Mama General het gesê vir die mense toe hulle teruggekom het by die huis van die oorledene: "Kyk, daar staan die biersaal. Julle sê julle werk?" En toe het die mense gegaan en hulle het hierdie biersaal aangeval met klippe en hulle het hom aan die brand gesteek. Hulle is na die kantore van die administrasieraad en hulle het daardie plek aan die brand gesteek. Hulle is na die opsigter van die biersaal se huis, hulle het dié aan die brand gesteek. En eers toe hierdie mense oorgaan na geweld is die niesmasjien ontbied om die mense uitmekaar te jaag. -- Nee, daar is nie so-iets nie. Daar was geen toesprake gemaak daar by die huis van die oorledene nie en hierdie stellings soos dit aan my gestel word, is nie die waarheid nie. Ek is daar tot ek weg was, en was daar nog nooit so-iets gewees nie.

U sê vir die hof met ander woorde die polisie het die hele tyd julle toegelaat om te loop, julle vryheidsliedere te sing en toe julle nou daarmee ophou en julle gaan eet by die oorledene se huis, toe skiet hulle julle met die skietmasjien. -- Ja, terwyl ons by die oorledene se huis was, andersins op pad na die begraafplaas toe, dit is terwyl ons nou loop en op pad terug, terwyl ons loop na die oorledene se huis toe, het ek nie die polisie

gesien / ..

gesien nie.

Nou hoe ver bly u van die huis van die oorledene af? -- Dit is ꞌn kilometer plus.

HOF: In watter gebied is die huis van die oorledene? -- New Brighton.

En u woon in ꞌn ander gebied? -- Ou Lokasie.

MNR FICK: En die niesmasjien toe hy sy poeier gestrooi het, het hy dit gestrooi en toe ry hy weg? -- Ja, hy het weggery.

U het hom nie weer gesien nie? -- As gevolg van die gebruik van die niesmasjien het ek gevlug. Ek was op pad huis toe, ek het hierdie voertuig weer raakgeloop in 5th Avenue, hy was besig om weg te ry vanaf die rigting van die oorledene se huis.

Verstaan ek u duidelik dat hierdie masjien is aangeskakel, hy het die poeier gestrooi en hy het verbygery en hy is weg in een rigting. Hy is net weg? -- Ja.

U sien daar is gestel daar is gestel aan die staatsgetuies dat hierdie voertuig het na hy die poeier daar by die huis gegooi het, het hy nie net daar gegooi nie, maar hy het op en af in die pad gery en die poeier uitgestrooi. Volume 108, bladsy 5 417 die heel laaste sin. -- Na ek die eerste keer geaffekteer was deur hierdie poeier het ek nie meer gestaan of teruggekom nie, ek het aanhoudend weggehardloop tot ek hierdie voertuig weer in Vyfde Laan raakgeloop het.

HOF: Is die voertuig toe van agter af by u verby? -- Die voertuig het by my verby gery van agter af.

MNR FICK: Nou is u bewus daarvan dat daar geweldpleging in die woongebiede losgebreek het daardie dag van 16 Maart, by ander plekke ook. -- Ander plekke daar in Somerset?

Ja, kom ek sê vir jou, byvoorbeeld raadslid Memese se huis is met petrolbomme aangeval. -- Nee, ek het nie kennis daarvan

nie / ..

nie.

U het ook nie gehoor dat raadslid Izak Heka - miskien kan u ons net help, die een spelling sê Heka en die ander een sê Hekhu. Wat is die regte een? Ken u so ŉ raadslid? -- O, Heka.

U het ook nie gehoor dat sy huis en sy kar is die dag aan die brand gesteek nie? -- Ja, ek het daarvan gehoor.

U het ook nie gesien daar is ŉ klomp padversperrings aangebring nie, in die woongebiede nie? -- In my straat waar ek woon was daar ŉ padversperring gewees waar klippe opgepak was.

Maar u het seker nie net in u huis gebly die heeldag nie, u het seker rondgeloop en gekyk wat aangaan? -- Is dit nou na die begrafnis of voor die begrafnis?

Ja, na die begrafnis. -- Na die begrafnis het ek net by die huis gebly.

Konstabel Roqo, bly hy naby u of ver van u af? -- Hy woon ver van my af, by die begin van die lokasie. Die straat se naam is Glen Avin.

HOF: Glen Avin? -- Glen Avin.

MNR FICK: Is dit nie die hoofstraat ook nie? -- Ja, dit is ŉ hoofpad tussen New Brighton en die lokasie.

Ek wil dan vir u vra oor die volgende dag, 17 Maart 1985. Was u by die huis of het u gaan werk op dié dag? -- Watter dag van die week was dit gewees?

Dit was die dag na die begrafnis. -- As dit gedurende die week is dan gaan ek werk toe. Oor naweke ja, bly ek in die huis.

Maar u het nie daardie dag na die begrafnis gesien of daar weer padversperrings aangebring is nie, dat die polisie se huise aangeval is nie en u het nie gehoor dat daar mense doodgeskiet is in aanvalle deur die polisie nie? -- Nee.

Het u nooit gehoor dat daar by polisieman Mguba se huis

ŉ / ..

'n persoon geskiet is wat dood is later nie? -- Wat is die polisieman se van, Ngubo?

Nguba.

HOF: Spel dit vir die getuie?

MNR FICK: Nguba.

HOF: Dit is nie met 'n "M" nie?

MNR FICK: Ek het hom as 'n "N". Laat ek net seker maak.

HOF: Sê die rekord nie "N" nie?

MNR FICK: Ek het hom as N - ekskuus, Mguba. -- Ek ken vir Mguba.

Mguba, 'n polisieman? -- Ja, hy is 'n polisieman.

Nou u weet nie daarvan dat daar by sy huis geskiet is en dat sy huis aangeval is op 17 Maart? -- Ek is daarvan bewus dat daar aangeval is en dat iemand geskiet is. Ek kan net nie meer onthou wat die presiese datum was nie, maar dit was in Maartmaand.

U het gister vir die hof gesê dat u het georganiseer vir die stiging van 'n tak van NEUSA - National Education Union of South Africa. -- Ja.

Is hy gestig? -- Nee, dit is nie gestig nie.

Was u nie die voorsitter gewees van NEUSA nie? -- Nee, ek was nie 'n voorsitter gewees nie. Ek is die een wat probeer het vir die stigting daarvan.

Dankie, edele.

RE-EXAMINATION BY MR TIP: Just one point. You said earlier this morning that a sneeze machine vehicle had passed you whilst you were in Fifth Avenue, do you remember? -- Yes.

Do you remember whether or not the sneeze machine was working at that stage? -- Yes, at the time of its passing me there it was still blowing the powder out, as a result of which I was bound to go and wash my head under a tap.

Thank you.

ASSESSOR: Hoe ver is Somerset-Oos van Cradock af? -- Ek het nie spesifiek opgelet wat die kilometers is nie, maar dit is 70 plus.

Mens moet so 'n berg oorry tussenin nie waar nie? -- Wat, 'n berg?

Ja. -- Ja, daar is baie wat jy verbyry. Nou wat my 'n bietjie pla is dat u praat van 'n berg in plaas van te sê berge.

Ja, dit is eintlik berge. Jy is heeltemal reg. -- Ja.

Ken jy die naam van die berg? -- Nee, ek ken nie die naam nie.

Wie sê u wie het die begrafnis van Deborah georganiseer? -- Volgens my kennis dit is die familie wat dit georganiseer het.

Waar woon die familie? -- Somerset-Oos, dit is dié wat ek van weet.

Nou het u enige idee waarom dan die voorsitter by die begrafnis en die hoofspreker by die begrafnis van Cradock af kom? -- Ek weet nie.

HOF: Het u Deborah in die klas gehad? -- Nee, sy was nie in my klas nie.

Hoe oud was sy? -- Ek skat ongeveer dat sy 16 of 17 was.

Enige vrae voortvloeiend uit dié van die hof?

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR FICK: Net een vraag. Weet u of die ouers van die oorlede Deborah aan enige organisasie behoort het in Somerset-Oos? -- Nee.

GEEN VERDERE VRAE NIE

HOF: Indien dit nodig is, sal u uself beskikbaar moet stel. Ek glo egter nie dit sal nodig wees nie.

MR TIP: The following witness is also from Somerset East. She will testify about the funeral.

IVY NGWALANGWALA, sworn, states (through interpreter)

EXAMINATION BY MR TIP: You are a housewife living in Somerset

East / ..

East, is that right? -- Yes.

In what portion of Somerset East do you live? -- In the Old Location portion.

And did you live there in 1985 as well? -- Yes.

Now in 1985 do you remember the funeral of Deborah Daniswa Memese? -- Yes.

Did you play any role at all in the arrangements of that funeral? -- Yes.

What was that? -- That was in connection with food for the funeral and buying something to be slaughtered for the funeral.

Can you tell his lordship please who asked you to do that? -- As an aunt to her, that is an aunt to the deceased Daniswa, we met with the father and agreed that I was going to give them some help in acquiring some of the requirements, to meet the demands of the funeral.

And on the day of the funeral, 16 March 1985, were you present at some stage? -- Yes.

From what stage? -- I arrived there just before they started with the service, the church service which was to be held.

COURT: When you arrived at church? -- No, what I mean is I arrived at the home of the deceased just before the short prayer prior to the coffin leaving for the church.

MR TIP: Could you tell his lordship approximately how many people you saw at the home of the deceased at that stage? -- I do not think there were more than 200.

Before the people at home left for the church, do you recall whether or not any police came to the home? -- No, no police arrived.

Did you join the procession from the home to the church? -- I went by car.

Were / ..

Were you able to see who was leading this procession to the church? -- No, the car in which I was travelling used a different street, as a result then I could not see who was leading it.

Did you go into the church? -- Yes, I did.

And for how long did you remain there? -- Do you mean during the service now in the church?

Yes. -- I was not long there. What happened is just at the time when there was to be a short prayer in reception of the coffin in the church there were some small children who started crying who did not want to be present any longer at this funeral, crying for me to take them away, as a result of which I had to take them away. I therefore left immediately.

And where did you go? -- We went back home, that is, the residence of the deceased.

And what did you do there? -- I made preparations for the food.

Were you at the home when people returned from the graveyard? -- Yes, I was.

Please describe to his lordship what took place at the home once they arrived? -- When they arrived from the graveyard they had to wash hands, after which then we gave them food. Then the Hippo arrived which gave us five minutes to disperse. We went on giving the people food and people were having meals, that is at that stage the Hippo had left. It was not long there, it just gave the instruction and left. While people were still having their meals, a landrover arrived. When I came out to give some more food to people I smelled some teargas. When this landrover made a turn, pulling off, the teargas started smelling strong. People started screaming. I left the food I had with me outside there, took the children into the house, into one of

the / ..

the rooms in the house.

Now at that stage had you heard whether any speeches had been made at the house? -- No.

And are you able to give his lordship any estimate of how many people had come back to the home of the deceased? -- I would not know that because I was busy concentrating on the food that I was busy preparing.

You told his lordship that you went back inside. For how long did you remain in the house? -- I was in the house for some time until the smell was no longer that strong. When I came out with the children, and saw a certain man in the street who was travelling by car, I asked this person to take me home with the children.

How many people were in or around the deceased's home at that stage that you asked for the lift? -- I think it was only the family and relatives.

I am nearly finished in chief. If I may..?

COURT: Yes, yes.

MR TIP: Thank you. Are you aware of the beer hall which is across the road from the deceased? -- Yes.

Now at the stage that you came out and asked for a lift to your home, what was the condition of that beer haal? -- It was just as it was before.

Now just the concluding aspect, do you know people by the name of Matthew Goniwe or Mama General, Ford Calata, Mbulelo Goniwe, people from Cradock? -- No, I do not know them.

Did you at any stage on the day of that funeral come to hear about such people? -- No, I did not hear.

Thank you, that concludes the evidence in chief.

THE COURT ADJOURNS FOR TEA

THE /

IVY NGWALANGWALA, nog onder eed, (deur tolk)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR FICK: Ken u 'n persoon met die naam van Wilson Ngwalangwala? -- Ja, ek ken hom.

Wie is hy? -- Hy is 'n neef van my.

Ken u vir Eric Ngwalangwala? -- Ja, ek ken hom.

Wie is hy? -- Hy is ook my oom se kind.

HOF: Is dit die ander een se broer? -- Hulle is eintlik nie broers nie, hulle is neefs van mekaar.

MNR FICK: Is dit dieselfde persoon as Welile Mxolisi Ngwalangwala? -- Dit is Welile en Mxolisi Ngwalangwala.

HOF: Spel dit asseblief. -- Welile en die ander een is Mxolisi.

Dit is hulle ander name? -- Ja, dit is die ander name van die twee.

Welile, is dit nou Eric of Wilson? -- Welile is Wilson.

Dan wil ek met u gaan na die begrafnis van 16 Maart 1984. Ekskuus, 1985. Wie het die reëlings vir hierdie begrafnis getref? -- Watse soort reëlings praat u van?

Wie was in beheer van al die reëlings vir die begrafnis? -- Ek en die pa van Daniswa.

Nou op hierdie begrafnis weet ons nou al was Matthew Goniwe, Ford Calata en ene Mama General. Wie het hulle uitgenooi? -- Ek weet nie.

Het die pa nie vir u gesê maar kyk, hy het hulle genooi nie? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Nou die vader van die oorledene, het hy aan een of ander organisasie behoort daar in Somerset-Oos? -- Nee, ek weet nie.

U het nooit dit gehoor in al die jare wat u met hom te doen het, dat hy hoort aan 'n organisasie nie? -- Nee.

Weet u of die oorledene behoort het aan COSAS? -- Nee, ek weet nie.

Het / ..

Het u en u vader terwyl u nou gesê het u vader was in beheer van die begrafnis gewees, het julle gereël wie gaan die sprekers wees by hierdie begrafnis? -- Die sprekers wat ek aan gewoond is dat hulle optree as sprekers by begrafnisse is die predikant en die leiers van die kerk.

Maar kom ons vergeet nou wat u aan gewoond is. Wat het u en u vader bespreek wie gaan die sprekers wees by die begrafnis? -- Ons het geweet van een persoon, 'n mnr Nzunzu.

Wie is hy? -- Hy is die leier by die kerk.

Is hy 'n predikant? -- Hy is 'n diener by die kerk, nie 'n predikant nie, maar hy is 'n persoon wat te doene het met alles wat gereël word vir die kerk.

HOF: Hy is nie 'n diaken of 'n ouderling nie? -- Ja, ek neem aan hy is.

MNR FICK: Mevrou, u antwoord op 'n baie snaakse manier. U sê "ons het geweet van", so asof u nie van die ander geweet het nie. Het julle dan nie die sprekers gereël vir die begrafnis nie? -- Ek praat van hierdie persoon Nzunzu wat die oorledene geken het. Dit is die persoon wat ons gehad het as 'n spreker.

Is dit al persoon wat u gehad het as 'n spreker? -- Ja.

Behalwe nou die predikant wat die diens gelei het? -- Ja.

Het julle 'n MC gehad, met ander woorde 'n "master of ceremonies" vir hierdie begrafnis? -- Nee.

Nou hoe het dit gekom dat Mzukisi Banzana vir 'n ruk die voorsitter, die MC was vir hierdie begrafnis? -- Ek weet nie hoe dit gekom het nie.

Het u vir Mzukisi Banzana geken? -- Ek ken hom nie so goed nie want ek woon naby die kleurlinggebied.

Het u vir (tussenbeide)

HOF: Wag 'n bietjie, ek het nie duidelikheid nie. Woon u in

New / ..

New Brighton? -- In die Ou Lokasie, dit is waar ek woon.

Is dit kleurlinggebied? -- Ja, daar is 'n sekere gedeelte heelbo aan die bokant van die lokasie daar, dit is kleurling-gebied.

MNR FICK: Uself, het u vir Mzukisi Banzana gesien by die begrafnis op 16 Maart? -- Ek ken hom nie.

Terwyl u by die huis was daar van die oorledene, daar waar u sê net voor die kort gebed gedoen is, wie was op daardie stadium die MC, die "master of ceremonies"? -- Mnr Nzunzu is die persoon wat die beheer gehad het daar van die lyk in die huis.

HOF: Het die beheer van die lyk gehad? -- Ja, in die sin dat hy daar gebid het en toe is daar gesê die diens gaan by die kerk gehou word.

MNR FICK: En is mnr Nzunzu die enigste persoon wat vir julle gesê het wat gedoen gaan word? -- Ja, hy is die persoon wat gepraat het.

En hy is ook die persoon wat gesê het nou gaan julle na die kerk toe en wat gaan gebeur? -- Ja, dat die diens daar gehou gaan word.

Toe u by die kerk aankom was mnr Mzunzu nog daar tot die stadium wat u daar aangekom het die "master of ceremonies"? -- Toe ons by die kerk kom, die predikant het alles oorgeneem.

Ja, wie is hy? -- Dit is eerwaarde Ncanca.

En op die stadium toe die mense teruggekom het by die huis en na u by die huis was, was daar 'n "master of ceremonies"? -- Teruggekom het?

Toe u by die huis was en die mense van die graf af teruggekom het na die huis toe, was daar 'n "master of ceremonies"? -- Niemand het daar gepraat nie. Daar was net kos gegee vir die mense.

Maar / ..

Maar was daar iemand in beheer van die reëlings daar by die huis, wat gesê het vir die mense: kom, julle moet nou kom kos kry of kom, julle moet hande was? -- Nee, niemand sê vir die mense wat om te doen by die huis nie. Die mense was net daar buite in die straat waarvandaan hulle dan na die hek toe stop. By die hek is waar ons met die kos staan en die mense vat net hulle bord kos daar en stap in die perseel in om dit te gaan eet.

Nou het iemand ooit vir u gesê na hierdie begrafnis dat daar was sprekers van Cradock af wat gepraat het by hierdie begrafnis? -- Nee, die laaste wat ek daar was is toe ek weg is met die klein kinders van my, hulle is 'n tweeling, so ek kon nie weer teruggaan om dit nog te kan hoor nie. En niemand het na ons toe gekom van wie ek dit kon verneem het nie.

HOF: Ja, maar is dit nou nuus vandag vir u hierdie in die hof dat daar mense van Cradock by die begrafnis gepraat het? -- Ja, ek hoor vir die eerste keer hier in die hof.

MNR FICK: En dan hoor u seker ook nou vir die eerste keer by die hof dat 'n man van Cradock met die naam van Ford Calata was die seremoniemeester? -- Ek weet nie. Ek is daar weg terwyl die predikant nog in beheer was van alles, toe is ek met die kinders daar weg.

En nou hoor u seker vandag vir die eerste keer in die hof dat daar ook 'n ander seremoniemeester was met die naam van Mzukisi Banzana? -- Ja.

Nou na die begrafnis verby is, het u en die pa van die oorledene darem seker bymekaar gekom en gepraat oor die fiasko wat daar was? -- Oor wat?

Oor die begrafnis wat so skeef afgeloop het. -- Laat ek dit so vir die hof stel. Die oorledene se vader is 'n sieklike persoon. Hy is nie 'n persoon wat sommer so loop nie en ek was

die / ..

die laaste by daardie huis gewees die dag van hierdie voorval. My kinders was geaffekteer deur die traangas en ek was nie meer saam met hulle daar gewees nie.

HOF: Dit is nou drie jaar al? -- Ja.

MNR FICK: Nou toe julle daar weg is van die begrafnis af, wat het julle gemaak met die kos? Daar het seker ꞌn klomp kos oorgebly? -- Na die traangas gebruik is daar het ek alles daar gelaat selfs die kos wat ek besig was om te skep vir die mense het ek net daar gelaat. Ek is weg.

Ek vind dit verskriklik vreemd dat u vir die hof kan sê dat u is in beheer van ꞌn begrafnis, dinge het skeefgeloop, daar het buitengewone goed gebeur by die begrafnis en vir drie jaar lank gaan u nooit terug na hierdie mense toe om te gaan uitvind wat het nou gebeur nie? -- Presies, dit is so. Die vader van die oorledene is ꞌn sieklike persoon en meeste van die tyd is hy weg na die hospitale waar hy aangehou word, byvoorbeeld in Kirkwood. Ek het self kinders daar by die huis wat ek na moet kyk en dit is klein kinders so ek kan hulle nie alleen laat nie; so die tyd is baie min vir my om te kan gaan na die huis van die oorledene om dit te gaan verneem. Ek is net so skaars om hulle te gaan sien soos hulle skaars is vir my.

HOF: Ek wil u net ꞌn probleem stel wat ek het. Klaarblyklik moes u ꞌn klomp skottels geleen het by mense in die omgewing en borde en eetgerei en bekers of koppies of wat ookal, vir die mense. Wie moes dan nou sorg dat dit terugkom by al die bure by wie dit geleen is? -- Daar is twee ouer susters van die oorledene, dit is Daniswa se susters, naamlik Rosinah en Nizana. Hulle is oud genoeg om toe te sien dat mense se goed terugbesorg word.

MNR FICK: Hoe oud was hulle gewees in 1984/85? -- Hulle was heelwat oud.

Nou / ..

Nou by hierdie begrafnis by die stoet, by die kerk, by die huis, het u ooit enige baniere gesien? -- Wat is 'n banier?

'n Banier is 'n stuk lap wat so aan weerskante vasgehou word aan 'n stok. Dan is daarop geskryf, organisasies se name. -- Nee, ek het nie so-iets gesien nie.

Niks? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

Die getuienis is daar was baniere gewees van SEYCO, dit is die Somerset East Youth Congress, SERA - Somerset East Residents' Association, COSAS - Congress of South African Students, van UDF en van CRADORA, dit is van Cradock. -- Ek het dit nie gesien nie. Dit mag miskien wees dat omdat die kinders gehuil het, die twee kinders van my en dat ek weg gegaan het. Ek het meer gekonsentreer op hulle.

Hoekom is dit dat u 'n ander roete gevolg het na die kerk toe as wat die stoet gevolg het? -- Voertuie volg gewoonlik verskillende roetes. Hulle volg nie die voetgangers daar nie, dat hulle nou 'n lang end agtermekaar moet ry nie.

Was daar nie normaalweg voertuie in hierdie stoet ook nie? -- Ek het nie opgelet nie. Ek het met die kinders in hierdie kar geklim wat omgery het in die ander straat. Ons is kerk toe waar ons by die kerk ingekom het.

Is dit nie so dat u is in elk geval met 'n ander roete weg en ook na die stoet nie, omdat u nog besig was met voorbereidings by die huis en u was baie besig? -- Op watter stadium?

Voor julle weg kerk toe is. -- Wat daarvan?

Is dit nie so dat u daar by die huis baie reëlings gehad het om te tref vir oulaas nie en daarom was u baie besig en u is toe daar weg nie? -- En dan as ek dit gedoen het?

Ek vra of dit so is? -- Ja, dit is so.

En u is kort-kort daar in die huis en uit die huis en het

met / ..

met die mense gepraat om die reëlings te finaliseer? -- Ja.

Nou ek stel aan u dat u kan nie vir die hof sê met enige mate van sekerheid hoeveel mense by die huis was voor die begrafnis nie, dit kon meer - dit kon 'n paar duisend gewees het? -- Nee, ek stem nie saam nie.

Nou u is toe daar weg na die kerk toe en op 'n stadium het u teruggekom na die huis toe, en u was toe baie besig daar by die huis voor die mense van die graf af gekom het, is dit reg? -- Ja.

Hoeveel helpers het u gehad? -- Dit was 'n hele klompie mense gewees.

En u was in beheer van die klomp? -- Ja.

En u is in die huis in en uit die huis uit? -- Ja, ek het geskink daar binne in die huis en geloop tot in die deur. In die deur het ek gestaan en die kos oorhandig aan Rosinah en die ander mense wat die kos dan vir mense in die hande gegee het.

Is dit reg dat u was merendeels maar eintlik in die huis? -- Ja.

En daar was groot lawaai gewees? -- Watse lawaai?

Mense wat praat, hard praat? -- Daar was mense gewees wat met mekaar gepraat het, maar ek sal nie sê dat hulle 'n lawaai gemaak het nie. Hulle het wel gepraat op die manier byvoorbeeld wat ek en die tolk hier staan en praat.

HOF: En ook so naby aan mekaar? -- Ja, hulle eet mos nou voor mekaar en dan praat hulle.

MNR FICK: En daar is 'n klomp mense in die huis ook is dit reg? -- Ja, die ouerige mense.

Hulle het ook gesit en praat? -- Ja, hulle sit daar en eet en gesels.

En is dit nie so nie dat u kan eintlik nie sê wat buite

gebeur / ..

gebeur het nie, met dié wat u heeltyd in die huis was en die mense in die huis ook gepraat het? -- Eintlik was ek nie in die huis nie. Daar was 'n seil aangeslaan teen die muur van die huis op die sy. Die kos wat geskep word was nie van die huis geskep nie, dit was van onder die seil geskep. So ek het net geloop tot by die ingang van die seil waar ek die kos dan aan die ander oorhandig het om aan die mense te gee. En die sy van die huis, dit wil sê aan die kant van die seil, is daar groot vensters. Die mense in die huis het ons kos gegee deur die vensters wat oop was.

HOF: Was dit 'n seildak of 'n tent? -- Dit is 'n tent, maar ons noem dit 'n seil want dit is toe aan die kante en het 'n deur waar 'n mens moet ingaan.

Nou wat u 'n seil noem, noem ek 'n tent. -- Ja, ek verstaan.

MNR FICK: En die deur van die tent kyk na die sykant van die erf; hy kyk nie straat se kant toe nie, maar sy-kant toe. -- Nee, dit kyk na die straat se kant toe.

En hoeveel mense was in die tent gewees saam met u, terwyl u daar gewerk het? -- Ons was 'n hele paar.

En julle het ook gestaan en praat? -- Ja, byvoorbeeld om instruksies te gee: vat daar en skep dit en dit. Dit is al manier wat ons gepraat het.

En die kos was daar op 'n stoof gewees of 'n primusstoof of op gas? -- Nee, die kos was gekook met groot potte, driepootpotte wat toe gedra is van buite af na hierdie tent toe. Die kos is toe geskep direk van die pot af in die bak of in die bord om aan die mense gegee te word.

Het u ooit die polisie wat u gesê het wat daar gekom het, wat u vyf minute kans gegee het om weg te gaan, het u hulle ooit self gesien of is dit wat die mense u kom sê het? -- Die Hippo het voor die deur, regoor die deur gestaan van hierdie tent.

Ek / ..

Ek kon dit hoor vanwaar ek was in die tent.

Nou die polisieman wat gesê het julle het vyf minute.. -- Want hulle het gebruik gemaak van daardie ding wat geraas maak.

Luidspreker? -- Dit kan wees, ja.

En die persoon wat gesê het julle moet binne vyf minute uitmekaar uit gaan, het hy ꞌn rede gegee? -- Hy het nie gesê nie. Al wat hy gesê het is dat ons uiteen moet gaan. Hulle is toe weg. Hulle het nie lank bly staan nie.

HOF: Ek wil u iets vra. Was daar op hierdie begrafnis beperkings geplaas van die kant van die landdros? -- Nee.

MNR FICK: Nou die polisieman wat dit aan julle gesê het, was dit ꞌn blanke of swart polisieman? -- Die polisieman het Xhoza gepraat.

HOF: Die blanke polisieman? -- Ek kon nie sien of dit ꞌn blanke of swart polisieman was nie, maar die persoon wat toe gepraat het daar het Xhoza gepraat.

MNR FICK: Nie Engels nie? -- Nee, hy het Xhoza gepraat.

Nou toe die persoon dit sê, wat gebeur? -- Niks het gebeur nie..

Nou het julle nie gegaan om te hoor maar hoekom moet die mense uiteengaan nie, hier is niks verkeerd aan die gang nie? -- Ons het nie geweet hoekom dit gedoen is en van hoeveel waarde dit is wat hulle sê nie, en voordat ons kans gehad het om met hulle nog te gaan praat, indien ons miskien besluit het om met hulle te praat, is hulle toe weg.

Het hierdie Hippo waarvan u praat toe heel verdwyn? -- Ja, na hy gepraat het, het hy af met die straat gery.

Hy het heeltemal van die toneel af verdwyn? -- Heeltemal verdwyn, ja.

En u sê op ꞌn stadium het daar ꞌn Rover gekom, is dit nou ꞌn landrover of ꞌn Rover? -- Landrover.

En / ..

En het hy gepraat met julle, die persoon in die Landrover? -- Nee, hy het nie gepraat nie.

Het jy hom self gesien ook? -- Daar is 'n boom in die nabyheid van die tent waar ek was. Dié was sigbaar gewees vanaf die kant, dit wil sê ek kon sien dat daar 'n voertuig staan in die nabyheid van die boom in die straat.

HOF: Net 'n oomblik nou. Staan die boom in die straat? -- Die boom is teen die draadomheining aan die straat se kant.

En kon u 'n Landrover agter die boom sien? -- Ja, want daardie boom is nie so groot nie.

MNR FICK: En toe u die Landrover gesien het, het hy nog nie sy - u het nog nie die traangas geruik soos u sê nie? -- Ek kon dit ruik, maar dit was nie sterk gewees nie. Eers nadat dit begin uitblaas het ons dit sterk geruik.

Nou wag laat ek u so vra. Toe u die Landrover gesien het toe het hy nog nie die poeier uitgeblaas nie? -- Nee, dié het nog nie begin spuit nie.

Maar u kon die lug ruik daar is êrens iets wat soos traangas ruik? -- Ja, omdat ek nie ver was nie.

Nou daar waar die Landrover gestaan het en voor hy nog begin blaas het, het daar van die mense gaan praat met die man van die Landrover? -- Nee, ek het niemand gesien nie.

HOF: Hoe ver was dit nou van u af? -- Dit is ongeveer vanwaar ek staan na net anderkant die waaier daar, die blou waaier.

Tien meter. Is dit nou die afstand vanwaar u was by die boom of vanwaar u was tot by die Landrover? -- Die Landrover staan by die boom maar buite die perseel, so ek staan by die deur van die tent. Dit is die afstand.

MNR FICK: Is enige iemand gestuur om te gaan praat met hierdie mense op die Landrover voor hy begin blaas het? -- Ek het nie

mense / ..

mense gesien nie.

Daar was geen mense in die onmiddellike omgewing van hierdie Landrover toe u dit gesien het, voor dit begin blaas het nie? -- Nee.

En toe begin hy sonder enige waarskuwing net blaas? -- Ja, ons het net die sterk reuk geruik en toe ek omkyk sien ek dat dit besig is om sterk te blaas.

HOF: Nou toe u die Landrover sien, het hy stilgestaan? -- Ja, hy het stilgestaan.

MNR FICK: En het hy stilgestaan toe hy beblaas het ook? -- Toe dit begin wegtrek het dit begin blaas en hard geblaas.

Nou in watter rigting blaas die ding toe nou? -- In ons rigting waar ons was.

By die tent? -- Ja, dit blaas eintlik in die perseel self.

HOF: Was dit ŉ apparaat wat gemonteer was agter op die bak? -- Ja.

Nou was dit op ŉ Landrover of op ŉ "van"? -- Dit is ŉ Landrover. Op die Landrover was dit gewees.

Ken u die verskil tussen ŉ "van" en ŉ Landrover? -- Ja, daar is ŉ verskil tussen die twee. Die Landrover het net daardie ding gehad wat op ons geblaas het en die "van" is heeltemal ŉ verskillende ding van die Landrover wat ek van praat.

Hoe lyk ŉ "van"? -- Dit is die geel bakkies, hierdie kleintjies, die geles, dit is die "van" wat ons van praat.

Ja, dankie.

MNR FICK: Nou hierdie ding wat u sien blaas die poeier daar in die perseel in en wat gebeur toe? -- Dit het weggery. Die mense het geskreeu en die kos neergegooi. Ek het ook die kos neergesit.

Nou het die Landrover toe met die pad aan reguit weggery? -- Ja, dié het net omgedraai en gery.

HOF / ..

HOF: Nee, die vraag is of hy reguit aangery het en u sê hy het omgedraai? -- Nee, hy het nie reguit aangery nie. Hy het 'n U-draai gemaak vanwaar hy gestaan het en teruggery vanwaar hy gekom het.

MNR FICK: Het hy die poeier gespuit toe hy weggetrek het en toe hy sy U-draai gemaak het en teruggekom het, het hy nog poeier uitgespuit of het hy toe al opgehou?

HOF: Hy het mos nou nie teruggekom nie. Soos ek verstaan het, het hy so gestaan en die draai gemaak en weggery. U sê hy het 'n U-draai gemaak en teruggekom? Het ek die getuie verkeerd verstaan.

MNR FICK: Ek sal dit vir myself probeer uitmaak. U sê die Land-rover het weggetrek en toe hy begin beweeg het, het hy geblaas? -- Ja, dit het begin blaas en maak 'n U-draai en ry weg.

Nou toe hy die U-draai gemaak het, of laat ek dit so kry, toe hy wegtrek het hy dieselfde tyd die U-draai gemaak en weggery. Of het hy eers 'n end aangery en toe 'n U-draai gemaak en weggery. -- Sommer gelyktydig daar met die begin van blaas het hy sommer daar direk 'n U-draai gemaak.

U het hom nie weer gesien die dag nie? -- Nee, ek het nie.

Nou u hardloop toe in die huis in sê u vir die hof? -- Ja, ek het die kinders saamgeneem en in die huis ingehardloop.

U het toe seker gaan kyk by die venster wat gaan nou verder gebeur op hierdie perseel buite? -- Nee, ek het nie gekyk nie. Ek het net my kinders weggeneem in die huis in en ek het nie by die venster gaan loer wat gebeur het nie.

Maar hoekom nie? U is in beheer van hierdie begrafnis? -- My tweeling was nog baie klein gewees. Ek het die tweeling weggeneem saam met my in die huis in want dié was geaffekteer gewees deur hierdie traangas. Ek het aandag aan hulle gegee so daar

was / ..

was nie vir my tyd gewees om nog te gaan loer nie.

Nou na hoe 'n lang ruk het u uit die huis uitgekom? -- Dit was nie baie lank gewees nie. Dit is toe dit net begin het om bietjie swakker te ruik nou dat ek uitgekom het en die man gevra het. Ek is toe weg.

Maar was dit nou 'n halfuur, 'n uur, vyf minute? -- Ek kan sê dit was 'n halfuur.

En wie was die man wat u gevra het om u weg te neem? -- Dit is 'n sekere ou man wat ek gevra het.

U wil nie sy naam gee nie? -- Dit is 'n ou man met die van Mjesha.

Ek wil aan u stel dat u weergawe van wat daar gebeur het by die huis is totaal vals. Ek wil aan u stel by hierdie huis het daar 'n vrou gepraat. -- Wat sê die vrou?

Die vrou het saam met die mense gekom van Cradock af. -- Niemand het daar gepraat nie.

Net voor ek aangaan, het u op 'n later stadium gesien dat die biersaal afgebrand is of beskadig is? -- Eers na 'n paar dae, ja. Ek was op pad hospitaal toe waar ek die kinders van my heen geneem het toe ek dit gesien het.

Nou hoe het u hospitaal toe gegaan, per voet of..? -- Ek het te voet gestap by die "highway". As mens daar loop dan kan jy mooi sien daar. Jy kan daardie plek mooi sien.

Nou ek wil aan u stel dat die vrou, Mama General is haar naam het wel daar gepraat buite. -- Nee, ek het haar nie gehoor nie. Daar was niemand wat gepraat het nie.

En sy het met die mense gepraat wat daarbuite gestaan het en vir hulle gesê, verwys na die biersaal en gesê die ding staan nog en julle sê julle werk? -- Nee, daar is nie so-iets nie.

En toe het die klomp mense die plek aangeval en die gebou

saam / ..

saam met kantore en 'n besigheid en 'n huis, afgebrand. -- Nee, daar was nie so-iets by daardie tyd van die begrafnis nie.

En toe het die polisie, toe hierdie mense oorgaan na geweld, het die polisie eers opgetree. -- Nee, daar is nie so-iets nie.

Ek wil aan u stel dat hierdie mense van Cradock weet u baie goed sou die sprekers kom wees by hierdie begrafnis, en hulle het kom praat omdat hulle uitgenooi is. -- Ek weet niks daarvan nie.

U is nie eerlik met die hof as u sê dat u niks weet van daardie mense van Cradock wat kom praat het nie. -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Ek het geen verdere vrae nie, dankie.

GEEN VERDERE VRAE NIE

MR TIP: The following witness is also from Somerset East:

ALEX MAPELA, sworn, states (through interpreter) -

EXAMINATION BY MR TIP: You are presently 25 years old? -- Yes.

And a student in st.10 at the Somerset East high school and you reside in Somerset East, is that correct? -- That is so.

And in 1984 you were a student at that school? -- That is so.

In what standard? -- St.9.

And in 1985 in what standard were you? -- St.10.

COURT: Did you leave school in between? -- Yes.

When did you leave school? -- In 1980.

1980? -- Yes.

Did you leave school after 1985? -- Yes.

Where do you reside in Somerset East? -- Mnandi location.

MR TIP: Thank you. I want to ask you some general questions concerning the period 1984 and up to the end of April 1985. First of all did you during that period see any posters or pamphlets that were put out by any organisations in Somerset East? -- No.

Did you hear anything of a campaign being conducted

against councillors? -- No.

Did you at any time hear anything of any violent action to be taken against any person or any property? -- No.

Now I want to deal now with the position at your school in 1984 when you were in st.9. Incidentally, just to complete the picture was there a 1984 st.10 at that school? -- No.

COURT: Why not? -- What was said by the principal is that the department decided not to have a st.10 class at that place because of the size of the place.

It was too small? -- Yes.

MR TIP: Now first of all, do you recall whether there was in the course of 1984 any class boycott at the school? -- Yes.

Do you remember when that was? -- Yes.

When was this? -- The 4th, which was a Monday, February 1984.

COURT: Was it a class boycott or a school boycott? -- It was a class boycott.

MR TIP: In what standard were you at the time of the boycott?

COURT: In st.9.

MR TIP: M'lord, I think - if I could just clear it with the witness? The boycott that you are talking about that began on 4 February, in what standard were you then? -- St.9. Sorry, no, it was in 1985.

If you will just listen carefully to the question, we are dealing firstly with 1984 when you were in st.9.

COURT: It may help you to think more clearly if you will just leave your jaw and out your hands down.

MR TIP: Alright. Now the boycott in the course of 1984, when can you recall that that took place? -- It happened at school.

When? -- In September.

Did you attend a meeting in the course of September 1984

in / ..

in the community hall? -- Yes.

And do you recall who organised that meeting? -- Yes.

Who was this? -- The scholars.

COURT: Any organisation of scholars? -- Yes, the COSAS branch there.

MR TIP: Now did members of the COSAS committee speak at that meeting? -- Just repeat that?

COURT: The question is clear.

MR TIP: Well, perhaps I might repeat it, m'lord?

COURT: Yes.

MR TIP: Did members of the COSAS committee speak at that meeting in September 1984? -- I cannot remember.

Do you remember what the result was of that meeting? -- Yes.

What was it? -- That the scholars must go back to school in order to go and sit for their examinations.

And as a matter of fact, what happened? After the meeting? -- After that there were examinations that were held at the end of the year.

COURT: Did you return to school? -- Yes.

When? -- After September.

When after September? -- In October.

MR TIP: And did you yourself write exams at the end of 1984? -- Yes.

Now I want to go on to another subject with you. You had mentioned the date of 4 February 1985. Now what happened at the school on that day? -- That morning on my arrival at school I found that there were papers that were put against the doors of the school.

Saying what? -- This was about if the teachers were not going to come to classes then the scholars are not going to go

into / ..

into classrooms.

COURT: Were the teachers on strike then? -- No, they were not on strike.

Now did it make sense, this notice? -- What I understood that notice to say was that if the teachers were not going to go into classrooms, it would mean that the scholars are also not going to be taught.

Well, was the notice intended to prevent the teachers from going into the classes? -- Yes.

MR TIP: And what happened at the school that morning? -- The scholars had a meeting in the school hall. This meeting resolved on getting the community hall from the administration board for another meeting which was to be held with the parents and the scholars.

Now what happened as a result of that? -- We then went to the administration board offices. We were about 200 in number, that is the scholars. On arrival there some of us stayed outside, some went into the premises and up to as far as the stoep of the offices.

Now did any students go into the office itself? -- Yes, there were.

And were you amongst those? -- Yes, I was.

COURT: What were you supposed to go and do? -- There we had gone to ask if we can hold a meeting between ourselves, namely the scholars, and the parents.

Yes?

MR TIP: Would you tell his lordship please as best you can remember, what happened in that office? -- When we went into the office we found a Mr Rich and tried to explain to him the reason why we were there. Mr Rich did not listen to us. Instead he drove

us out of his office. In doing that, he had a stick. While he was doing that, at the same time we saw the mayor, Mr Memese, coming from out of an office. He had a rifle with him. Some of the scholars there tried to go past Mr Rich, in order to go and speak to Mr Memese who was the mayor. Even then he drove us out, giving us no chance of doing that.

Now did any of the scholars present there in any way threaten either Mr Rich or Mr Memese? -- No.

And did you leave the office? -- Yes, we left.

And what took place outside the office? -- We noticed that there employees who were going to work or were working at the beer hall not far from the office at which we were. What I noticed about those workers was that they were armed with assegais and some with sticks.

What did the students say or do? -- The students ran away at that time.

Were any stones thrown at buildings, people or vehicles by the students there? -- No.

Where did you run to? -- To school.

And did anything unusual happen there? -- Yes.

Yes, what was that? -- What happened is that we noticed a vehicle which was driven by Mr Rich. This was parked a distance of about 50/60 km..

Kilometres? -- Metres, not kilometres.

Yes, and what did you see? -- I noticed that Mr Memese, the mayor, got off that vehicle and shot in the opposite direction of the school, shooting at the scholars that were running away.

I want to leave that and go to 16 March 1985, the day of the funeral of Deborah Memese. Do you remember that? -- Yes, I remember that.

And were you part of the funeral proceedings? -- Yes.

When did you become present? -- From the church. I arrived when they were at the church.

Were you able to get into the church? -- No, I could not.

Did you hear clearly any of the speeches made in the church? -- No.

Did you join the procession from the church to the graveyard and back to the home of the deceased? -- Yes.

I want you to tell his lordship just what happened at the home of the deceased. What was happening there when you arrived? -- On arrival there we washed our hands. Then a Hippo arrived which gave us five minutes to disperse. Because of the fact that most of the people had not even washed hands and not even had some food to eat, they did not leave. Then the Hippo left after which a white Landrover arrived, which came to stop at a square which square is not far from the home of the deceased.

COURT: What does it look like? I do not understand the situation. There is a road on which the deceased's home fronts? -- That is so.

Now standing at the front door of the deceased, is the square to the left or to the right? -- To your right.

How many houses are there in between the house of the deceased and the square? -- You do not pass any house.

Is the deceased's house the corner house? -- Yes.

A corner of two streets? -- Yes, it is a corner stand of the two streets.

And where is the square then? -- To you right.

Diagonally across the crossing or on the right hand side, on the same side as the deceased's street? -- The square is on the opposite side of the house of the deceased. That is

across the road.

Thank you.

MR TIP: May I just ask one question? There may be some ambiguity.

COURT: Yes. You are entitled to ask a lot of questions.

MR TIP: It is one put by your lordship.

COURT: Yes.

MR TIP: You remember his lordship said when you stand in front of the home of the deceased is the square to the right or to the left. Now I am sure his lordship meant when you stand looking out across the street in the direction of the beer hall, is it to the left or to the right? -- The square I am talking about is just further down from the beer hall.

COURT: Yes, but counsel wants to know if it is to the right or to the left. -- It is at this position.

It is to the right. That is your right hand.

MR TIP: Yes. And once you saw the Landrover arrive, what happened next? -- I noticed two men going towards it.

Yes, and what happened? -- While these two men were still walking towards it, teargas was blown towards them before they even reached the Landrover.

And what happened then afterwards? -- These two men then went back to the people. I felt affected by the teargas, as a result of which I jumped a fence into a yard where I got help.

Now at the stage that you left the scene there, had there been any attacks of any sort on the beer hall across the road? -- No.

And whilst you were present at the home of the deceased after the graveyard proceedings were there any speeches made there? -- No.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR FICK: Wat is u verbondenheid aan COSAS? -- Daar is geen verbondenheid met COSAS nie.

Was u nie 'n lid van COSAS gewees op enige stadium in 1984 of 1985 nie? -- Nee.

Was u verbonde aan die Pupils' Representative Council? -- Nee.

Was daar 'n COSAS-tak by julle skool? -- Ja.

Wie was die president? -- Andile was die president.

Was hy nie die vise-president nie? -- Wie was die vise-president?

Andile. -- Nee, hy was die president.

Ek wil aan u stel u was die president van COSAS. -- Dit is nie so nie.

Weet u wie die ander bestuurslede van COSAS was by die skool? -- Ja.

Wie was dit? -- Quintin August.

Wat was hy? -- Chairperson.

Wie nog? -- Yantolo Sambokwe.

HOF: Spel dit, asseblief? -- (Spel naam) Yantolo Sambokwe.

MNR FICK: Wat was sy posisie? -- Wie nou, Sambokwe?

Ja. -- Ek kan nie meer onthou wat hy was nie.

Wie sê jy was nog op die bestuur van COSAS? -- Matsimbi.

Het hy 'n naam? -- Ek het sy naam vergeet, maar sy van is Matsimbi.

En wat was sy pos? -- Ek kan nie meer onthou nie.

En wie nog? -- Van dié wat ek onthou dit is al.

K1349 Weet jy wanneer is COSAS se tak by u skool gestig? -- In 1984.

Wanneer in 1984? -- September.

September? -- Ja.

HOF: Voor of na die boikot? -- Voor.

MNR / ..

MNR FICK: Dan net in die algemeen, weet u of daar enige vergadering gehou is deur die raadslede in die woongebiede - massavergaderings in 1984? -- Nee.

HOF: Is u antwoord u weet nie of dat daar nie was nie? -- Ek weet nie.

MNR FICK: Weet u wanneer daar verkiesings was van raadslede in die vroeë tagtiger jare? -- Nee, ek weet nie.

Weet u van openbare vergaderings wat deur organisasies gehou is in Somerset-Oos in 1984? -- Deur wie gehou?

Deur organisasies? -- Ek onthou nie.

Weet jy enigiets van 'n organisasie met die naam van SEYCO - Somerset East Youth Congress? -- Ja.

Wat weet jy van hom? -- Wat ek van weet is dat SEYCO na die belange van die ouerige mense gekyk het, of hulle die nodige dinge kry wat hulle kan help.

Weet u wanneer hierdie organisasie gestig is, uit eie kennis uit, net ja of nee? -- Nee.

Wanneer het u die eerste keer gehoor van hierdie organisasie, net die jaar? Wanneer het u die eerste keer gehoor van SEYCO? -- In 1985.

Weet u enigiets van 'n organisasie met die naam van SERA - Somerset East Residents' Association? -- Ja.

Wanneer het u die eerste keer van hulle gehoor? -- Ook in 1985.

Wanneer in 1985? -- Dit was in Desembermaand se tyd.

Nou in 1984 wanneer was vir die eerste keer skoleboikotte of klasboikotte by u skool? -- Dit was in Septembermaand.

DIE HOF VERDAAG VIR MIDDAGETE.

**DELMAS TREASON TRIAL 1985-1989**

### *PUBLISHER:*

*Publisher:-* **Historical Papers, The University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2009**

### *LEGAL NOTICES:*

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

### *DOCUMENT DETAILS:*

*Document ID:-* **AK2117-I2-37-395**
*Document Title:-* **Vol 395 p 22918-229S9. Witnesses: Gqobane, Ngwalangwala, Mapela**